

15 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 15:14-21
Fokusgedeelte: Romeine 15:16

Adventstyd is bedieningstyd

“**D**it is my priesterlike taak om die evangelie van God aan hulle te bedien, sodat daar uit die heidennasies ’n offergawe mag wees wat vir God aanneemlik is en deur die Heilige Gees geheilig is.” So skryf Paulus in Romeine 15:18. Hy, die apostel vir die heidennasies, het hulle soos ’n priester met die evangelie bedien. Wie tot bekering sou kom, sou God met hulle offergawes kon dien.

Die wêreld waarin ons leef, adverteer nou Kersgeskenke. Gesinne begroot om liefde met duur geskenke te bewys. Daar moet egter vir iets veel belangriker begroot word. Adventstyd is bedieningstyd, tyd om – teen die oppervlakkige “kersgeskenkgees” in – die waarheid van die evangelie te bedien.

Begroot tyd en krag om jou priesterlike diens met die oog op Kersfees veral nou daarop te konsentreer. Jou bediening van die blye boodskap kan meewerk dat God groter eer ontvang vanjaar, naamlik offers deur hande wat vir die eerste maal ’n Christelike Kersfees vier.

Sing: Psalm 66:6, 7 (Totius)

Dr. Callie Opperman